

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Gemeenskap van ministers

'n Minister is iemand wat 'n uitnemende amp bedien. Op die skouers van die ministersraad, die kabinet, rus 'n enorme verantwoordelikheid. Die kabinet behartig tot 'n groot mate die regering van die land. Elke minister afsonderlik, en almal tesame, behoort die wel en wee van die landsburgers op die hart te dra. Omdat ministers so 'n hoë roeping en groot verantwoordelikheid het, moet hulle gerespekteer word. Die woord van die koning is magtig (Prediker 8:4). Daarom: neem die bevel van die koning in ag (Prediker 4:2).

In die Engelse taal dui die woord minister, net soos in Afrikaans, op 'n persoon wat in die kabinet dien. Maar dit dui ook op 'n predikant, 'n bedienaar van God se Woord – *Verbei Dei Minister*, VDM. Om te minstreer is om te dien. Die minister is dienaar.

Hierdie gegewe mag vir geen oomblik uit die oog verloor word nie. Ongeag in watter amp 'n mens staan, is jy dienaar. Die kabinet is 'n vergadering, 'n gemeenskap van dienaars. So-ook die predikante in die kerke. En die ouderlinge en diakens. En die lidmate in die amp van gelowige.

Dit kan al te maklik gebeur dat die minister nie minstreer nie, maar

domineer. Die titel dominee kan selfs daartoe aanleiding gee. Nie dat dominee iets met domineer te doen het nie. Dominee is minister in die *dominus*, die huis; die huis van God. Tog klink dominee soos domineer. En weereens: die versoeking is groot dat die dienskneg in die huis die heer wil wees. Dié versoeking teer soos parasiete in die lewe van die in sonde gevalle mens. Die sondige mens wil immers soos God wees. Hy wil van nature nie dien nie, maar heers.

In die lig hiervan word ministers op alle terreine van die samelewing in al hulle verskillende hoedanighede gedwing om oor hulle Godgewe posisie en roeping na te dink.

'n Kabinetminister wat sy amp waardig is, is iemand wat weet dat die Ampgewer in alles gehoorsaam moet word. Die belangrikste vraag is dus nie watter politieke konsekwensies en impak 'n bepaalde besluit of optrede het nie. Die vraag is ewemin of die mense op grondvlak daarmee tevrede sal wees. 'n Kabinetminister sal weet dat hy aan die Ampgewer oor sy ministerie verantwoordings moet doen. As sy besluit of optrede ooreenkomstig God se wil is, sal dit noodwendig tot tevredenheid van die res van die kabinet en tot opbou

van die landsburgers dien. Dit kan nie anders nie as dat Godvresende dienswerk van kabinetsministers tot heil en voorspoed van die samelewing bydra.

Dieselfde geld vir kerklike ministers, ampsdraers in die besondere ampte. 'n Ouderling en diaken, 'n predikant en teologiese professor wat sy amp waardig is, is eweneens iemand wat weet dat die Ampgewer in alles gehoorsaam moet word. Tydens kerkradsvergaderings moet God deur sy Woord en Gees regeer. Wanneer daar 'n sinode gehou word, durf afgevaardigde ampsdraers nie met kerk-politiese truuks die sake te plooi soos wat dit hulle pas, of soos wat hulle meen almal tevrede gestel gaan word nie. Die Woord van die Ampgewer moet geminstreer word. Niks anders as net dit nie. As daar iets anders gedoen word, kom dit neer op muitey en rewolusie.

En die lidmate? Hulle word deur God soos lede in een liggaam saamgevoeg (1 Korintiërs 12:24), die liggaam van Christus, die kerk. Die kerk van Christus is die gemeenskap van heiliges. In daardie gemeenskap is die lewende lede elkeen op hulle pos, besig om te minstreer met die gawes wat God aan elkeen gegee het. In die kerk moet die

INHOUD

- | | | |
|--|--|--|
| 1 Redaksioneel
Gemeenskap van ministers | 3 Kerkerf
Jesus Christus se twee stambome (2)
<i>Prof VE d'Assonville</i> | 8 Fokus
Is God net in beheer?
<i>Ds LJ Erasmus</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Hemelvaart ontlok 'n lof –
en 'n klaaglied
<i>Ds EJ Smit</i> | 5 Aktueel
Is De La Rey ook onder die
profete?
<i>Dr ALA Buys</i> | 10 Persskou
Nie meer grys oor gays
VGKSA en GKSA –
gister, vandag en môre
<i>Dr CJ Meijer</i> |

ministers bereid wees om mekaar in Christus te eer, ter wille van die uitnemendheid van elkeen se amp en roeping. Maar almal moet ook bereid wees om mekaar te bedien. Die minister wat sy sout werd is, trek sy neus nie vir dienswerk op nie, maar sal bereid wees om in navolging van Christus voete te was – die mees eenvoudige take in liefde te verrig. Geen minister is vir ’n taak wat aan hom of haar opgedra word te goed of te sleg nie.

Uiteraard hou die ministerswerk van die gelowiges nie binne die gemeenskap van die kerk op nie. Die werk in die koninkryk van God – in die breë samelewing – is baie. Die roeping om by skole en ouetehuse, in verenigingsverband en op die terrein van die politiek en elders te ministreer, is groot. Daar is geen sentimeter van ons bestaan waar ons nie geroep word om ons ministersamp te bedien nie.

Maar ook hier geld die waarskuwing: kus die Seun, dat Hy nie toornig word nie (Psalm 2:12). Daar waar God sy ampsdraerkinders roep en stuur, daar moet ons eerbiedig en met blydschap diensbaar wees. Dit is ’n onbeskryflike voorreg om deel van die gemeenskap van ministers te mag wees. Maar in die voorreg lê daar tegelyk ’n groot verantwoordelikheid opgesluit.

GJM

Skrifoordenking

Ds EJ Smit (emeritus), Pretoria – Magalieskruin

Hemelvaart ontlok 'n lof- en 'n klaaglied

Lees: Handeling 1:1-9; Openbaring 12:1-12

En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.

Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duivel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Jesus se vertrek van die aarde na die hemel het baie stil verloop. Op die Olyfberg was daar nie ’n samedromming van mense nie. Net Jesus en sy elf dissipels. Nadat Hy sy laaste opdragte aan hulle gegee het, het Hy seënende van hulle af begin opvaar na die hemel. Alles het kalm en rustig verloop.

Met sy intog in die hemel was dit egter anders. Dit het met onrus en geweld gepaard gegaan. Ons lees: 'En daar het oorlog in die hemel gekom' (vers 7).

Hierdie oorlog in die hemel het beslissende betekenis gehad vir die bewoners van die hemel en die aarde. Met die oog op die nadere verklaring en toepassing van die teksverse, fokus ons op die volgende twee aspekte:

- Die aanleiding tot hierdie oorlog in die hemel.

- Die gevolge wat dit vir die bewoners van die hemel en die aarde gehad het.

Aanleiding

Die eerste vraag wat by ’n mens opkom is: Waarom het daar oorlog in die hemel gekom? Openbaring 12 en in besonder die teksverse toon dat dit in die nouste verband met Jesus se hemelvaart staan.

Op aarde het Satan die stryd onherroeplik teen Christus verloor. Al wat nog vir hom oorgebly het was om Jesus in sy hemelvaart te stuit; om Hom te keer om aan die regterhand van sy hemelse Vader te gaan sit. Slaag hy daarin, dan sou dit beteken dat Christus se lyde, sterwe en opstanding op aarde tevergeefs was.

Daarom het hy Hom met alles waaroor hy beskik het in sy hemelvaart agternagesit. Dit het uitgeloop op ’n geweldige luggeveg. Opvallend is egter die feit dat Migael (God se oorlogsengel) en sy engele, Satan en sy engele ingewag het en hulle ook verpletterend verslaan het. Ons lees: Die draak en sy engele kon nie oorwin nie, en hulle plek was nie meer in die hemele te vinde nie. Die groot draak is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Tot en met die hemelvaart van Christus het Satan vrye toegang tot die hemel gehad. Hy kon die mens sonder enige verandering by God

aankla. Dink maar aan Job (Job 2:1-10) en Josua (Sagaria 3:1). Jesus se hemelvaart het hieraan ’n einde gemaak, want sy intog in die hemel was Satan se uittog. Hy kon geen beskuldiging meer inbring teen die uitverkorenes van God nie.

Gevolge

Vir die bewoners van die hemel

Satan se uitwerping uit die hemel was geen geringe gebeurtenis nie. Die feit dat hy God se uitverkorenes nie meer kon aankla nie, het die bewoners van die hemel so aangegryp dat hulle spontaan ’n loflied tot eer van God begin sing het: 'nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aankla voor onse God, dag en nag' (vers 10).

Deur sy lyde, sterwe en opstanding het Christus volkome aan die eis van God se geregtigheid voldoen. Deur sy bloedstorting het Hy die losprys ten volle betaal. Langs dié weg het Hy die wet volmaak volbring. Sy volbragte versoeningswerk hou in dat Satan nie meer ’n enkele grond oor het om God se kind aan te kla nie. Daarom sing die hemelbewoners ’n loflied. '... wees verheug, o hemele ...'. Op geen ander plek in God se Woord word die oorwinning van Christus aan die kruis en sy hemelvaart met soveel blydschap besing soos hier nie.

Sy hemelvaart het ryke beteken gehad – nie net vir die engele en gesaligdes in die hemel nie – maar ook vir die uitverkorenes op aarde. Jesus se ingang in die hemel was tegelyk Satan se uitwerping. Die engele en gesaligdes is vir ewig verlos van Satan se teenwoordigheid. Hulle sien en hoor hom nie meer nie; hy wat hulle broers dag en nag aangekla het.

Vir die uitverkorenes op aarde beteken dit dat Satan ons nie meer by God kan aankla nie. Jesus Christus se hemelvaart is dus die waarborg dat Satan geen beskuldiging meer teen ons by God kan inbring nie. In stede van 'n aanklaer het ons nou 'n Pleitbesorger by God. Een wat dag en nag vir ons intree, vir ons voorspraak doen, vir ons bid en vir ons plek berei.

Daarom: Wees verheug, o hemele ... want 'nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp ...' (vers 10).

Ons kan nie anders nie as om op hemelvaartsdag 'n loflied tot eer van God te sing.

Vir die bewoners van die aarde

Ons hoor egter by die hemelvaart nie net 'n loflied nie, maar ook 'n klaaglied: 'Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met

groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het' (vers 12).

Satan het die hemel nie vrywillig verlaat nie, nee, hy 'is neergewerp'. In vers 9 word die woord nie minder nie as drie keer gebruik. Dit beteken sy val was groot. Hieroor was hy woedend. Hy kon Christus in sy hemelvaart nie stuit nie, daarom is hy neergewerp op die aarde. Al wat vir hom nog oorbly is om die kerk, die liggaam van Christus aan te val en te probeer vernietig (verse 13-16).

Hoe slu is hy nie in sy pogings om die kerk te verlei en tot 'n val te bring nie. Van die oomblik van sy neerwerping het hy al deur dwaalleer groot verwoestingswerk in die kerk aangerig. Dink net wat het alles voor die hervorming in die sestiende eeu gebeur. Die kerk moes met mag en mening van dwaalleer gesuiwer word. Dit was 'n stryd tot die dood toe. Die stryd woed tot vandag toe voort.

Hoe gryp Satan nie nou weer in ons tyd na die hart van die kerk nie. Dwaalleer met betrekking tot Jesus Christus as ons enigste Verlosser en Saligmaker is aan die orde; dwaalleer ook met betrekking tot sy maagdelike geboorte, sy dood en sy opstanding. Hierdie stryd met betrekking tot die verkondiging van die waarheid aangaande Jesus Christus en sy verlossingswerk mag ons nie moedeloos maak nie. Ons moet die hemelse klaaglied ter harte neem en vasstaan in die stryd.

Wat meer is, die klaaglied het nie net betrekking op die vrou nie, maar ook op al haar nakomelinge (vers 17), dit wil sê alle gelowiges. Elkeen van ons ken die versoeking en verleiding in ons persoonlike lewe. Hoe het ons hart nie al gebloe as gevolg van sy meedoënlose aanslae nie; ons gedagtes, woorde en dade. Hy gryp elke dag na my en jou hart.

Hierdie wete moet ons met volharding laat bid: 'en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose'.

Wat 'n troos om in die stryd te weet: Ek is deur die bloed van Jesus Christus van al my sonde gereinig. Sy hemelvaart is vir my die waarborg dat Satan my nie meer in die hemel by God kan aankla nie. In Christus het ek 'n Pleitbesorger by God. Aan Hom behoort ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe. Hy bewaar my in die stryd en verseker my deur die Heilige Gees van die ewige lewe.

Satan werk sonder ophou dag en nag omdat hy weet dat hy min tyd het. Hy, meer as enigiemand anders, weet dat Christus gaan terugkeer na hierdie aarde.

Net soos hy met Christus se terugkeer na die hemel uitgewerp is, so sal hy met sy wederkoms van die aarde af weggewerp word in die poel van vuur wat vir hom wag. Dan sal die bewoners van die aarde – net soos die in die hemel – vir ewig hulle loflied tot eer van God sing.

Kerkerf

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Jesus se twee stambome (2)

Heilshistoriese perspektiewe vir die prediking

In die eerste artikel het ons gesien dat die twee geslagsregisters van Jesus in Matteus 1 en Lukas 3 van mekaar verskil, maar dat dit mekaar nie weerspreek nie. Matteus gaan terug tot by Abraham en Lukas neem ons terug tot by die eerste mens, Adam. Matteus begin sy geslagsregister met die opskrif wat Jesus Christus as 'die seun van Dawid' vermeld. Daardeer word die ewige koningskap van Dawid in Christus vervul. Lukas laat ons Jesus sien as 'die Seun van die

mens' volgens die profete van die Ou Testament.

Ons het toe die geslagsregister volgens Matteus begin behandel en gekom tot vóór Ussia. Let daarop dat Dawid die enigste een in die geslagsregister is wat *koning* genoem word.

Koning wil ook priester wees

Na reformatie kom weer deformasie. Ussia, die volgende koning, begin goed. Ons lees dat hy 'gedoen

het wat goed was in die oë van die HERE' (2 Kronieke 26:4) en hy was buitengewoon voorspoedig en so ook die land en volk van Juda. Maar, o wee, 'toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig' (2 Kronieke 26:16). In die tempel begin hy sommer om as koning die priesterwerk te doen. Die HERE tref hom met melaatsheid omdat hy teen die Woord van God handel: die priesters mag alleen uit die geslag van Aäron wees (2 Kronieke 26:18).

Ussia wil die plek van die ewige priester-koning, die Messias, wat in Psalm 110 voorspel word, inneem. Alleen Jesus Christus mag koning en priester gelyktydig wees. Die priesterskap is die koning van Juda nie geoorloof nie. Die afdalende lyn van deformatsie gaan reeds in die rigting van die ballingskap voort.

Geen blywende reformasie

Jotam, Ussia se seun, probeer weer die HERE dien, maar sy seun Agas is in een woord goddeloos. Ons lees dat by al die gruwels van afgodediens hy ook die gereedskap van God se tempel stukkend geslaan en die deure gesluit het (2 Kronieke 28:24). Die kerk se erediens word onteer!

Hiskia bring weer reformasie, maar die goddelose Manasse breek al sy werk weer af. Sy seun Amon gaan van kwaad tot erger.

Josia probeer die toestand herstel, maar op die end gaan alles tot niet as die volk in ballingskap na Babel weggevoer word. 'n Verskriklike dag! God kan die ongehoorsaamheid aan sy Woord nie meer verder duld nie. Met die ballingskap word die 3 x 14 geslagte volgens Matteus 1:17 voltooi.

Tydens Sedekia, die laaste koning van Juda wat nie in Christus se geslagsregister genoem word nie, is die volk deur Nebukadnesar na Babel in ballingskap weggevoer. Ons lees dat Sedekia hom nie voor die Woord van die HERE wat deur die profeet Jeremia gespreek is, verootmoedig het nie (2 Kronieke 36:12). Vroeg en laat – só lees ons verder – het die HERE 'uit medelye met sy volk' boodskappers van sy Woord na hulle gestuur, maar die volk het hulle 'uitgelag en sy woorde verag!'. Genoeg was nou genoeg en die HERE stuur Juda in ballingskap. Daarmee is ook die koningskap van Dawid in Jerusalem beëindig. God het sy kerk van sy nasionale bestaan losgemaak.

Genade in ballingskap

Is dit nou klaar met die kerk? Is dit met Babel die einde van die verbond? Sion met die tempel en die Dawidstroon is daarmee heen. Psalm 137 vertel die verhaal:

*Aan die riviere 't ons gesit
in Babel en geweën,
as swerfgedagte ons hartseer wek
en trek na Sion heen.*

In Babel sien ons die wonder van God se genade. As ons ontrou is, bly Hy getrou. As ons sy verbond verbreek, hou die HERE steeds sy Woord. Hy vergeet nie sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob nie. Daar bly altyd 'n oorblyfsel van sy volk. Psalm 137 word 'n profesie van God se wraak oor die antichristelike Babel se val in Openbaring, want dieselfde woorde van wraak word daar aangehaal (Openbaring 18:8). Uit genade word die kerk van Jesus Christus gered.

Babel tot Nuwe Testament

Die aardse koningshuis van Dawid het verdwyn. Israel het sy nasionale, selfstandige bestaan verloor. Ná die ballingskap hoor ons die onbekende name van Jegonia en Sealtiel. In die tyd van Serubbabel tree Esra en Nehemia op – 'n tyd van opbou van Jerusalem en reformasie van die erediens. Dit was ook die tyd wat die HERE sy profete Haggai, Sagaria en Maleagi na sy volk gestuur het om die kerk verder op die koms van Christus voor te berei.

In die laaste geslagte voor Jesus Christus op aarde, was daar sektes en verdeeldheid onder die volk. Die troon van Dawid in Jerusalem is vir altyd verby. Fariseërs, Sadduseërs en politieke drukgroepe soos die Selote probeer die volk manipuleer, maar met 'n eie, menslike verstaan van die Ou Testament buite Jesus Christus om. Die tyd het aangebreek dat Johannes die Doper sou kom om die ware Messias, Jesus Christus aan te wys. Op die laaste bladsy van die Ou Testament word hy Elia genoem: 'Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek' (Maleagi 4:5). Ons nader die dagbreek van die Nuwe-Testamentiese kerk.

3 x 14 = 6 x 7

Wat is nou die boodskap van die slotvers van Jesus Christus se geslagsregister in Matteus 1:17? Dit lui: 'Al die geslagte dan van Abraham tot Dawid is veertien geslagte, en van

Dawid tot die Babiloniese ballingskap veertien geslagte, en van die Babiloniese ballingskap tot Christus veertien geslagte'.

Die Heilige Gees laat Matteus die geslagsregister vanaf Abraham opstel. Dan laat Hy die geslagte ook optel. Dit is so tipies van hierdie dissipel want hy was 'n boekhouer (tollenaar): veertien geslagte ... nog veertien geslagte ... en nog 'n keer veertien geslagte. Ons professor in Nuwe Testament, wyle WJ Snyman, sou gesê het: 'Soek nou die *dieper sin* in hierdie teks; dit het 'n heilsbetekenis'.

Ons kom dadelik agter dat ons hier met die hele 'getalle-simboliek' van die Woord te doen het. Ook met die saak van God se heilsorde. Ons ruimte is heeltemal te klein om hier breedvoerig daarop in te gaan. Ons gaan dus met enkele opmerkings volstaan.

Die verbondsgeskiedenis waarin die *genade* van Abraham af in Jesus Christus verkondig word, duur 3 x 14 geslagte = 6 x 7 geslagte. Daarmee gaan daar geweldige perspektiewe oor die heilsgeskiedenis oop en die hele Heilige Skrif van Genesis 1 tot Openbaring 22 (die hele Bybel) word verkondig.

God die Vader doen sy skeppingswerk in 6 dae en op die 7de dag is dit volmaak voltooi. God die Seun doen sy verlossingswerk na 6 geslagte en in die 7de geslag het Hy dit aan die kruis *volbring* (Johannes 19:30). God die Heilige Gees werk na Pinkster tot by die voleinding 42 maande = 6 x 7 tydperke – ook 1 260 dae wat 42 maande is (Openbaring 11:2,3; 12:6).

Hiermee is nog nie naby alles oor Jesus Christus se geslagsregisters gesê nie. Die hele Bybel kom in perspektief. So oneindig baie kan nog oor die heilsgeskiedenis nagevors word. Elke prediker behoort daadwerklik met elke preek die reformatoriese beginsel van *Scriptura sui ipsius interpres* te handhaaf. Dit beteken: Die Heilige Skrif is sy eie uitlegger. As dit ten minste gebeur, sal die gemeente nie meer preke 'as die woord van mense' (1 Tessalonisense 2:13) hoor nie.

Is De La Rey ook onder die profete?

Tans sukkel baie mense nog om die *De La Rey-verskynsel*¹ te verklaar. Deur al die stof is ten minste die volgende al uitgeklaar: daar word gehunker na 'n leier, én hier is een of ander stuwning van post-apartheid nasionalisme. Die verskynsel is egter nie so vreemd en onbekend nie. Aan die een kant is daar die politiek-korrekte Afrikaner wat tog net nie 'n voor '94 klank wil uiter nie. Dan is daar die Egiptiese vleispotbewonderaars wat hoop en selfs bid dat die klok tog in Afrika teruggedraai sal word. Albei groepe slaan die bal ver mis.

Post-moderne nasionalisme

Hierdie De La Rey geslag is besig met post-moderne nasionalisme. Post-moderne nasionalisme is nie 'n interne teenstrydigheid nie. Dit is egter lewensgevaarlik. Post-moderne nasionalisme werk met mites wat die eie wordingsgeskiedenis verwoord as kollektiewe herinnering. Hier kom 'n baie belangrike verskynsel na vore. Hierdie herinnering is nie soos die woord wil aandui, 'n her-inner-ing, 'n weer na binne-in kom van iets wat vergeet was wat gebeur het nie.

Hierdie lied het nie te doen met 'n jongklomp se teruggryp na 'n voor-apartheids gevoel nie. Hierdie lied kom op uit 'n post-moderne taalbeskouing, wat sê dat woorde nie betekenis het nie, maar dat betekenis aan woorde toegeken word. Hier is nie 'n ontdekking van die verlede nie, maar juis 'n bedekking van die hede. As die sanger op die Sondag vir die kerkgebankte skare in die winkelsentrum sê: 'julle is almal De La Rey's' dan is dit nie 'n opwekking van talent óf 'n musikale poging in leierskapsontwikkeling nie.

Mitologiese herinneringsteken

Dit is 'n leuenagtige woord wat sê betekenis, of dan be-teken-is, die

waarde, of dan waar-de van iets (ook van jouself, jou mense, jou geskiedenis, jou volk, jou volk se leier of die volk-as-leier) word nou vergestalt in 'n beeld, 'n teken, 'n skynbare herinneringsteken: De La Rey. Dit lyk so goed en gaaf; onskuldige post-aparte post-moderne volkspatriotisme.

Maar is dit waar? Word betekenis só toegeken? Ek voel nou weer waardevol as ek hoor van my mitiese held wat eens die onderdrukte was, wat eens reg aan sy kant gehad het, wat eens vredemaker was. Dit word my teken, my beeld, my betekenis. Dit maak my haas onaantasbaar vir die nuwe-orde-woorde wat op my toegepas en afgedruk word. Ek wórd benoem en nou kom ek agter my gesag is weg; my naamgewing-gesag van myself is daarmee heen. Ek het gedink ek is 'n Potchefstromer toe word ek 'n Tlokwêer genoem. Dit is nie my naam nie. Dit is nie my identiteit nie. Nou neem ek aan die optog deel, met my slagspreuk t-hemp. Ek benoem myself anders, want nie almal is uit Tshwane wat van Tshwane is nie.

Selfbenoeming

Hoe benoem jy jouself? Die jong De La Rey's ruk hulle kuite nou styf oor ander mense se betekenis-toekenning oor en bo-oor hulle. Dié fluweelrewolusie onder die jonges is ten diepste steeds 'n reaksionêre optrede. Hulle reageer teen openlike en verdigte verdagte onderdrukking. Na alles bly dit 'n reaksie, 'n eie betekenis-toekenning teenoor ander se woorde. Dit is wat dit so gevaarlik maak. Die groot krisis van die De La Rey-generasie is nie dat hulle leierloos is nie. Hulle is, maar dit is nie hulle grootste probleem nie.

Profeetloos

Die De La Rey-geslag is profeetloos. God het ook álles te doen met

hierdie profeetlose betekenis-soekende geslag wat so dreunsing en roep om leiding. Toe Saul as koning sy leiergesag op Dawid wou afdwing, tot die dood toe, het die Heilige Gees getoon dat koningskap sonder profesie die doodsreuk dra. Daarom dat nie net Saul se gesante nie, maar uiteindelik die kaal koning self dag en nag geprofeeteer het (1 Samuel 19:24). Wat die Afrikaners tans doen, wát die jong Afrikaners sing, het 100% alles met Jesus Christus se amp as Middelaar te doen; Hý wat as Priesterkoning, volgens die orde van Melgisedek, ook profeteer oor sy Vader, die Skepper se wil: ook oor volke, hulle tale, hulle bly- of skuilplekke.

Die Skrif, die Profeet Christus as Woord, toon duidelik aan dat daar 'n skeppingsverband² is tussen taal, volk en grond. Met die De La Rey-lied is ons op die skarnier tussen die eerste en die tweede skakel. 'n Taal, soos Afrikaans, is die nader samebinding van mens-siele; geeste wat deur die klank van woorde saam resoneer oor die gemeenskaplike tussen die mensdom. 'n Taal maak 'n volk: nie bloed, of ten eerste bodem nie. God het dit so gewil. 'Hy [het] vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek [die volke] vasgestel, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie ... As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie. God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek' (Handelinge 17:27-31).

¹ Die lied van Louis Pepler, alias Bok van Blerk.

Die charismatici sal en het moontlik al De La Rey se wysie grootgedoop in die verbondlose sousie waarin hulle alles onderdompel. Dit spreek nie die probleem aan nie. Dit ver-christus-lik ook nie die Afrikaanse taal en lied nie. Dit bring 'n volk nie nader aan dié Man, Jesus die Christus, hoogste Profeet – ook van volke – nie. Wat nou dringend noodsaaklik is, is profete wat menslik, ontbloot, dié Profeet, Christus, verkondig. Dit kan net deur die kerk se profetiese stem: die ware kerk, die kerk wat die verbond kan spel en verbond nie as blote verhouding verspeel nie.

Die De La Rey-geslag kort 'n profeet, of eerder hulle kort profetiese insig, 'n vergesig op dié Profeet, die Man in sy amp. Dan sal hulle die koning, die vors sien wat God op die regte tyd gee. Trouens, om te sê almal is De La Rey's, almal is leiers, is verbondlose woorde. Dit is 'n gemene leuen om jou potensiaal, wat jy nie sonder die Man kan ken of besit nie, in jouself te ontdek of toe te ken. Gesag werk nie so nie. Die verbond ken gesagsdraers en gesagsonderdane, nie net in state nie (Romeine 13:1-7), maar ook binne volke.

Geheueverlies

Ons kort 'n leier. Ja, maar eers 'n profeet. Eérs moet ons hoor dat woorde betekenis het, en nie dat betekenis, wat jy self kies om te hê of nie, woorde soek nie. Eérs moet ons weer hoor: *In die begin was die Woord*. Die Woord, die *logos*, het betekenis in Homself want Hy is die Weg, en dié (nie 'n) Waarheid en die Lewe. Sonder Hom is geen betekenis-herkenning moontlik nie. Sonder Hom is herinnering kollektiewe geheueverlies. Anamnese (terugroeping in die herinnering), is en bly sonder die Man, amnesie (geheueverlies).

Hoor die profesie oor die herinneringswerk van die Heilige Gees. Hy laat jou onthou wat die Woord is; nie net as neergeskryfde herinnering nie, maar as die Lewende Woord, wat eerste was. Wat was daar voordat jy vergeet het, o mens? Afrikaner, wat was jy voordat jy jou eie woorde so waardevol geag het dat jy dink jy

kan met mites onthou, of eintlik maak of jy onthou, wie jy eens was, net omdat jy nie van die benoemingswoorde van ander mense oor jou hou nie? Onthou wat Paulus sê oor die kennis van God:

- kennis wat Hy oor *taal sê*, ook jou Afrikaanse woorde;
- kennis wat God oor *volkere sê*, ook tans oor jou leierlose, profeetlose rymelaars Boerevolk;
- en kennis wat God oor *sy grond sê*, waarvan Hy die tyd en grens afmeet as woonplek vir jou en jou mense (wat tans moontlik emigreer na 'n onafgemete deel omdat die taal opdroog – skeppingsmatig bepaal God deur die tonge die grenslyne).

Oor al hierdie dinge kan net die profete profeteer. Hierdie kennis van God kom slegs deur die Woord wat in die begin was, wat in die begin by God was en self God is. Hierdie kennis kom deur die Woord wat mens geword het, die sigbare beeld van die onsigbare God. Hierdie kennis kom deur die Woord, die heilige Skrif, wat neergeskryf is as herinneringswoord, waar die Gees die menslike gees resoneer wat eerste gesproke was, wat eerste geprogrammeer is, die pro-gramma van die skepping as Woord. Die *logos* was eerste. Hierdie kennis kom nie deur eie betekenis-toekenning nie. 'As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die *beeld*-werk van *menslike kuns* en *uitvinding*, gelyk is nie.'

Self-beeld

Wat beteken dit vir die Afrikaner se self-beeld? 'n Hele paar dinge. God se Beeld, sy Seun, die Man Jesus die Christus, sý vleeswording, Hý as Beeld bepaal alleen die waarde en egtheid van 'n selfbeeld. 'Hy is die Beeld van die on sienlike God' (Kolossense 1:15). Die Afrikanerkinders, die De La Rey-geslag het nie 'n goeie of gesonde selfbeeld nodig nie. Dit is afgodery, want die Profeet waarsku: moenie op jouself vertrou nie. Moenie dink jy is iets werd omdat jy vir jouself 'n mooi mitologiese figuur ontsing uit die verre verlede nie. Die waarde van 'n mens, in die hemel of die

hel, die waarde van die mens op aarde, word bepaal slegs deur die skeppingsverbonds-verhouding met die Man wat eerste was, Hy wat as die Woord die betekenis van die skepping bepaal. Hy was in die begin. 'Alle dinge [ook ontplooiende tale volke en hulle grondgebied] het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.'

As die Afrikaners, jonges of oues, slimmes of dommes, leiers of leierloses, emigrante of immigrante in Afrika, hulself gaan probeer verstaan *sonder die Man in sy amp*, gaan hulle geheueverlies hulle hul lewe kos. Ons is nie meer soos die heidenvolke met wie Paulus gepraat het nie. God het toe die tye van onkunde oorgesien, maar nou nie meer nie, want aan ons is die opgestane Christus verkondig. Die onkunde, die profeetloosheid is nie as gevolg van God se geheue wat haper nie. Hy het sy beloftes aan Abraham goed onthou en gestand gedoen. Hy is besig om alle volke in Abraham te seën. Hy het ons volk ook ter wille van Abraham geseën – ons, 'n groot deel van ons voorgeslag en 'n druppel van die huidige geslag, deel dieselfde geloof in die Messias as Abraham.

Ons het in die drukte gekom. Ons ervaar hoe ons woorde weggevat word. Ons mag nie meer ons kinders – al is dit nog onnodig in die staatskole – meer in Afrikaans onderrig nie; meer as die helfte van Afrikaanse skole het dubbelmedium geword, en daarna Engels. Ermelo se hofuitspraak meet 5.5 op die Pandor-skaal. Ons mag nie meer bly waar ons gebly het nie; meer as 800 Afrikaner plekname is verander; ons word met moord van plek na plek verjaag, van een heining na nog 'n hoër heining. Ons volk verklein; ons hou meer begrafnisse as dope. Demografies is ons met 'n inploffing besig. 'n Paar rykes word ryker; die kruipende armoede verwoes soos kanker 'n al hoe groter deel. Is dit

2 Vergelyk Genesis 1:28; 10:5,25,31. Die huidige debat begin darem aandag aan die eerste twee gee, binne die gegewe konteks van 'n eenheidsstaat as vertrekpunt. Die Skriftuurlike lyn oor die drieledige tema loop egter anders as die huidige debat oor wat die mees voordelike is met betrekking tot demokrasie, naamlik eenheid of veelheid (vergeelyk byvoorbeeld die verskil tussen Danie Goosen en Max du Preez onder andere in *Beeld* 10-02-2007).

verbondseëning op 'n volk wat eens die seëninge van Abraham geken én geniet het?

Nee, dit is verbondswraak. Verklaar dit soos jy wil: ewolusionisties – net die sterkstes oorleef in Afrika; pessimisties – ons moes nooit in Afrika gewees het nie; gruwelik optimisties – wag vir die groot vigs-griep; bloeddorstig kortsigtig – wag tot die De La Rey's begin skiet in die groot oorlog. Spel dit soos jy wil: Afrikaner, jy is in die noute, die strop gaan al hoe stywer trek, want jy het nie jou identiteit vergeet nie, maar jou Profeet verag.

Een man: val of staan?

Nou probeer jy kunstig en kunsmatig met uitvindings van jouself as mens, nou probeer jy met jou eie mitiese beeld(jies) vir jouself troos skep. Ek is 'n De La Rey, van 'n nasie wat weer op sal staan. Om wat te doen? Om voort te gaan om aan jouself betekenis toe te ken soos jy goed vind en uitvind, sonder dat jy God wat jy eens geken het weer in die verbond opsoek? Wat is die waarde, klein De La Rey'tjies op 'n ry, as jou voortbestaan die kerk, die Profeet se kinders ook in ander volke, verder sal laat ly weens jou ongelooft? Is blote bestaan, met of sonder vryheid, blote oorleef-belewing, met of sonder geregtigheid, waardevol? Soek jy die Waarheid of maak jy 'n waarheid? Soek jy God – ook as volk – of soek jy jouself? Jy kan jouself nie verloor nie, waarom soek jy dan jouself? Jy kan egter God, jou verband, jou verbond met God verloor. Dit gee aan jou geheueverlies oor wie jy as mens, as mensdom in sy eenheid en verskeidenheid is. Soek jy die Beeld van God op, of soek jy 'n kollektiewe self-beeld in jou post-moderne nasionalisme?

Kyk na Elia. Hy sê vir die Baaldienaars: skree 'n bietjie harder, miskien het julle gode gaan slaap. En as jul nie kan hoor nie, dan skree die profete nog 'n bietjie harder. Afgode is holgoed, leeg. Sing jy dan nog 'n bietjie harder, sing dit nog 'n keer: *De La Rey, De la Rey, sal jy die Boere kom lei? Generaal, generaal ... leer dit vir die kleintjies, bal jou vuus en voel hoe jou hart klop. Ek dink ek begin onthou wie ek is. Ons*

almal weet ons wil dalk weer Boere wees.

Sonder dié Man beteken jou lied niks. Dit is blote afgodiese liturgie in die winkelsentrumtempel. Dit is lewensgevaarlik, want jy bid nie; jy roep nostalgies 'n leier uit die as op. Hoe baie is die demagogiese dwase wat so graag op jou roepstem wil antwoord gee. Daar sal vele kandidate wees, en jy sal soos een man om hul val, terwyl jy soos een man om dié Man, die verbondshoof en Hoof van die skepping, Jesus Christus aanbidde moes staan.

Die volk wou in Samuel se tyd 'n leier, 'n koning hê – soos die heidenvolke rondom hulle. Afrikaners, jy roep jou koning van die verhoog af, jy sing jou hartseer lied van jou vrou en jou kind wat in 'n kamp lê en vergaan, maar as jy nie éérs na die profete gaan luister nie, gaan jy dalk 'n leier of twee kry, maar hy gaan jou oor die hel se afgrond stort, want jy bly dink dat jou waarde uit jou verwarde woorde kan kom. Jy het vergeet; nie jou ou-ou liedjie van jou eie identiteit nie, maar jy het die Profeet vergeet. As jy maar weer wil onthou dat die Woord in die begin [al] daar was; dat jou betekenis in jou belydenis van Hom³ lê. Het God, wat alle volke tale en nasies laat voortkom het, het die Skepper behae daarin om jou uit te wis omdat jou Afrikaans anti-christelik taalkragtig geword het; omdat Psalm 2 oor jou sing dat jy teen die Gesalfde ontstaan? Het God nie behae daarin dat jy tot bekering kom en lewe nie?

Taalreformasie

Kom nou profete sonder stem, sonder lied, kom nou kerkprofete, lidmaat én predikant, wat so stilweg swyg om die Messiaslied dig te maak. Christus roep julle tot 'n taalreformasie op: om die wissel van die spoor om te gooi, ter wille van die Waarheid, ter wille van die kerk, ter wille van die lewe van een klein volkie in sy kinderskoene wat nie vir antichristelike samespanning opgeskryf is nie, maar in sy raad⁴ bedoel is om God te soek, om Hom te ken en as mede-arbeider die Christuslied oor taal en volk en grond te sing.

Kom tot inkeer, hoor die Messiaslied. Hy is geen De La Rey, maar Hy is generaal. Hy is aanvoerder van sy leëmagte. Hy is Hoof van sy kerk, wat as Hoof van die heelal aan die kerk gegee is. Hy is Profeet. Hy is die Woord wat in die begin was. Hy is die Een uit wie alles ontstaan het. Kom profete, die generaal stuur sy Gees tussen die konings in, die wettige verbondsgesagdraers en ook julle deugniete wat gesag steel. Kom profete, profeteer 'n slag die Woord wat betekenis gee. Kom sê dat woorde betekenis het en iets aandui, omdat die Woord in die begin was en God se heerlikheid aandui. Kom pro-fessors, voor-belyders, sê dat dit on-logies is om aan die een kant te sê die Woord het betekenis, maar aan die ander kant dat om aan die woorde in die Woord, of dan ons interpretasie-woorde oor die Woord, my eie sosio-historiese betekenis uit my eie eietydse konteks te heg. Jy kan mos nie by die Profeet uitkom of by Hom bly op die manier nie, want jy gaan altyd 'n eietydse messias hê, 'n eie antichris – dit is tog so logies.

Kom profeteer dat daardie Woord Man geword het en dat Hy vorste, nou nog, aanstel om ook volke te lei. Kom profeteer oor die skyn van heiligheid van die pro- én anti-apartheidsteologie.

Kom profeteer vir kerk en wêreld: die HERE Hy is God, oor alles en almal, van nou af tot in ewigheid. Kom profeteer tot gebed: laat u koninkryk kom oor my tong, deur my volk op u grond wat u vir ons afdeel. Glo jy regtig dat jy, soos HK Sondag 12 bely, deel het aan die Man se salwing tot hoogste Profeet, tot Dokter, ook van die volk? Kom, as jy dit glo, waar is jou profesie dan op die kansel en kateder, op die verhoog en die teater, in die straat en in die veld? Waar is jou profesie oor die leuen dat betekenis deur die mens self toegeken word en dan woorde daarvoor gebruik? Waar is jou profesie oor die mensemoordenaar van die begin af, oor Satan wat ook 'n volksmoordenaar is? Kom profeteer oor volksmoord en volksmoord, oor volksselfmoord en volksselfbeeld.

³ Sien Calvyn se inleiding in sy Institusie (1,1,1) oor Godskennis en selfkennis.

⁴ Daar behoort onderskei te word tussen die raad en wil van God.

Kom profeteer oor die enige Beeld van God, sy Seun. Kom, die uur gaan slaan. Wil jy wag tot jy oor die dooie bene van jou mense moet profeteer soos Esegïel oor die kerk? Profeteer. Esegïel was betyds, maar by jou droë bene sal geen lewe kom

nie, want jy moet die Here soek terwyl Hy nou naby is (Romeine 10:8), terwyl Hy te vinde is. Kom profeteer dat De La Rey nie ook onder die profete is nie, dat die nuwe volkslied gevaarlike gevoelige mensewoorde is, dat dit geestelike

woorde is wat Geesloos geword het. Herinner die profeetlose De La Rey-generasie aan hulle geheueverlies. Daar is nog tyd, daar is nog taal, daar is nog volk, daar is selfs nog grond.

Fokus

Ds LJ Erasmus, Daspoort

Is God net in beheer?

'n Mens hoor dikwels, selfs in preke, dat God in beheer van ons lewens is. Maar is dit waar? Wat bely ons daarmee van God? Ons belydenis hieroor is belangrik omdat dit ons verstaan van ons wêreld en ons hantering van krisis bepaal. Wanneer mense onverwagse en groot krisisse beleef, dan vra hulle: Hoekom ek? Hoekom gebeur dit met my? In moeilike omstandighede vra hulle selfs: Wat het ek gedoen om dit te verdien? Die Bybel antwoord hierdie vrae duidelik in die lewe van Josef.

God regeer

Genesis vertel onder andere die verhaal van Jakob se troue en wel as die begin van Josef se verhaal. Genesis 29:18 leer dat Jakob vir Ragel liefgehad het. Jakob het sewe jaar gewerk vir Ragel, ontvang wederregtelik die oudste dogter Lea as vrou, trou dan 'n week later ook met Ragel en werk nog sewe jaar vir haar. Maar die twee susters is jaloers op mekaar. Só begin die baba-oorlog! Genesis 29:31 leer: 'En toe die Here sien dat Lea die nie-geliefde was, het Hy haar skoot geopen; maar Ragel was onvrugbaar'. Opgesom verloop dit só: Lea skenk geboorte aan vier seuns: Ruben, Simeon, Levi en Juda. Ragel is jaloers en gee haar slavin Bilha aan Jakob. Bilha baar twee seuns, Dan en Naftali. Lea het opgehou baar en gee haar slavin Silpa aan Jakob en Silpa baar twee seuns, Gad en Aser. Lea baar wel weer die seuns Issaskar en Sebulon. God verhoor Ragel en sy baar Josef en Benjamin. Jakob is 'n man met vier vroue en twaalf seuns!

So begin die verhaal van Josef met menslike jaloesie en wedywing.

'En Israel [Jakob] het Josef meer liefgehad as al sy seuns; want hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir hom 'n lang rok met moue gemaak' (Genesis 37:3). Josef was die oudste seun van Ragel – Jakob se geliefde vrou. Daarom is hy die witbroodjie, met die logiese gevolg! 'Toe sy broers sien dat hulle vader hom meer as al sy broers liefhet, het hulle hom gehaat en kon nie vriendelik met hom praat nie' (Genesis 37:4). Dan kom die witbroodjieseun met 'n droom vorendag wat simboliseer dat sy broers voor hom buig. 'En hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde' (Genesis 37:8). Josef ontvang nog 'n ander droom waarin die son, die maan en elf sterre hulle voor hom neerbuig. Sy pa, ma en broers sal almal voor hom buig. Hierop het Jakob hom hard bestraf, maar die saak in gedagte gehou.

Nou verskuif die toneel na Sigem. Josef se broers pas die kleinvee by Sigem op, maar die witbroodjie met die lang rok hoef nie so hard te werk nie. Nee, Jakob stuur eerder vir Josef agterna om te verneem na die welstand van die broers en van die vee. In die veld van Sigem vind Josef egter nie sy broers nie; net 'n man wat in die veld rondwaal en Josef inlig dat sy broers met die kleinvee na Dotan getrek het. Hulle herken hom van ver af en hou listig saam raad om hom dood te maak. Ruben, die oudste, keer egter en praat hulle om, om Josef in 'n put te gooi, nadat hulle sy lang rok met moue uitgetrek het. Later kom daar 'n reisgeselskap uit Gilead verby, op pad na Egipte. Josef word aan hierdie Midianitiese koopmans as 'n slaaf verkoop! Josef se verskeurde rok word met bloed

van 'n bok besmeer. Jakob treur oor sy liefingseun Josef wat deur 'n wilde dier verskeur is. Intussen word Josef deur die slawehandelaars aan Potifar, 'n hofdienaar van Farao in Egipte, as slaaf verkoop.

Hierdie tweede hoofstuk in Josef se lewe begin ook met God se seën. En die Here was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was' (Genesis 39:2). Vir Josef bring dit persoonlike voordeel. 'En toe sy heer sien dat die Here alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom [Josef] oorgegee' (Genesis 39:3-4). Omdat Josef skoon van gestalte en mooi van aansien was, het Potifar se vrou Josef probeer verlei om met haar gemeenskap te hê. Eendag gebeur dit; hulle is alleen in die huis en sy gryp Josef vas, maar Josef ruk los en hardloop buitentoe, terwyl sy klee in haar hand agterbly! Sy verkla Josef by Potifar dat hy haar wou verkrag en dat sy net ontsnap het deur te skreeu. Potifar moes iets vermoed het. In plaas daarvan om Josef te laat doodmaak, ontvang hy net tronkstraf. 'Maar die Here was met Josef, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis' (Genesis 39:21).

Hier, terwyl hy effektief in bevel van die gevangenis is, ontmoet Josef die bakker en skinker. Farao het baie kwaad geword vir iets wat hulle verkeerd gedoen het en altwee in die gevangenis gewerp. Hier ontvang hulle in dieselfde nag elkeen 'n droom met besondere betekenis. Josef lê, deur God se

genade, die drome uit en voorspel dat dit binne drie dae gaan gebeur. Hy vra die skinker om hom te onthou as hy vrygelaat word. Op Farao se verjaarsdag, drie dae later, gebeur dit wel soos Josef dit uitgelê het. Die skinker word in sy amp herstel en die bakker word opgehang! Maar die skinker vergeet van Josef – vir twee volle jare!

Farao droom van die sewe vet koeie en sewe maer koeie. Josef word uit die tronk gehaal, omdat niemand van Egipte se wyse manne of towenaars die droom kon uitlê nie. Deur God se genade verduidelik Josef aan Farao dat die sewe vet koeie sewe goeie oesjare verteenwoordig, wat opgevolg gaan word met sewe jare van hongersnood. Josef word dan aangestel as die verstandige en wyse man wat die verantwoordelikheid oor Farao se huis moet dra. Farao sê: 'Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland' (Genesis 41:41). Op dertigjarige ouderdom word Josef die tweede belangrikste man in Egipte! Hy het sy werk met ywer gedoen. 'So het Josef dan 'n baie groot hoeveelheid koring opgehoop soos die sand van die see, totdat hulle opgehou het om te tel, want dit was ontelbaar' (Genesis 41:49). Dit is die agtergrond van Josef se verhaal. Kom ons oorweeg dit naderby.

Mens wik, God beskik

Jakob maak plan om met Ragel te trou, word gekul en ontvang Lea as vrou. Tog het hy Ragel lief, hy verkry haar ook as vrou en werk nog sewe jaar daardie skuld af. Jakob, die arm man, se plan om sy vrou te verdien word deur God gebruik. Uiteindelik het hy vier vrouens en twaalf seuns. Hoekom? Dit pas in God se plan! Die kinders is onenig onder mekaar, maar God gebruik hul sondige optrede om Josef in Egipte te laat eindig. Josef het nie gevra om die liefingseun te wees nie, of om die drome te droom nie, of dat sy pa vir hom 'n rok moet maak nie. Josef het geen verweer as hy as slaaf verkoop word nie. Al hierdie dinge gebeur buite sy beheer, volgens God se plan. In Egipte ontvang Josef opleiding in huisbestuur en geldsake by Potifar. 'En vandat hy hom

aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef; ja, die seën van die HERE was by alles wat syne was, in die huis en op die veld' (Genesis 39:5). Wanneer Josef daardie deel van God se plan voltooi het, volg die insident met Potifar se vrou, en Josef land in die gevangenis. Ook in die gevangenis seën die Here Josef om verdere opleiding te kry. 'En die owerste van die gevangenis het almal wat in die gevangenis opgesluit was, aan Josef toevertrou; en alles wat daar te doen was, het hý gedoen' (Genesis 39:22). Josef was in die posisie om die bakker en die skinker te ontmoet.

Let op hoe Josef leef. Hy verval nie in depressie oor al die dinge wat met hom gebeur nie. Nee, hy dien die Here en werk met ywer vir Potifar. Selfs onskuldig in die tronk is hy nie bang om die owerste se werk vir hom te doen nie. Wanneer Josef later sy eie twee seuns benoem, spreek dit van sy geloof: Manasse – God het my laat vergeet, en Efraim – God het my vrugbaar gemaak.

Dan gebeur dit! Die sewe jare van oorvloed word opgevolg deur sewe jare van hongersnood. Josef herken sy broers wanneer hulle koring in Egipte kom koop en beskuldig hulle van spioenasie. Uiteindelik hou Josef Simeon gevange en stuur die ander terug na Jakob, met hul geld bo in hulle sakke. Jakob weier dat hulle Benjamin mag saamneem soos Josef versoek het. Nadat die koring opgeëet was, moet Jakob maar instem dat Benjamin saamtrek na Egipte. Sonder kos kan niemand lewe nie. Wanneer die broers by Josef uitkom, laat hy hulle by die maaltyd in volgorde sit – van oud na jonk. As die broers terugkeer na Jakob, laat Josef sy silwerbeker bo in die sak van Benjamin plaas. Hulle word agterna gejaag en die beker gevind. Josef eis Benjamin as sy slaaf. Juda verduidelik dat hulle nie sonder Benjamin kan terugkeer nie. Hyself, Juda, staan by Jakob borg vir Benjamin se lewe. Josef bars dan in trane uit en maak homself aan sy broers bekend. Die gevolg is dat Jakob en sy huis na Egipte trek, daar waar God hulle wil hê. Wanneer Jakob dan uiteindelik in Egipte sterf, is Josef se broers bevrees. Josef

beantwoord hulle vrees uit die geloof: 'Moenie bevrees wees nie; want is ek in die plek van God? Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou' (Genesis 50:19-20).

Onkeerbare Raad

Die hele geskiedenis van Jakob en Josef spreek van dag-tot-dag-krisisse waar die mens geen beheer oor het nie. Dikwels vra ons ook: Waarom ek Here? Wat het ek gedoen? Ons voel dat ons soos Josef geen skuld het aan dit wat met ons gebeur nie. Hier dwaal mense deur te sê: Gelukkig of ongelukkig het dit of dat gebeur. Is dit waar?

In Genesis 3:15, die moederbelofte, belooft God die Verlosser wat die Satan sal oorwin. In die geskiedenis van Jakob en Josef sien ons iets van God se voorsienigheid. Dit is 'die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom' (HK Sondag 10). Die bakens van Jakob en Josef se lewens en die onverstaanbare wendings daarin, leer ons dat alles in ons lewe nie per toeval gebeur nie. 'God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing' (Genesis 45:7).

Die geskiedenis van Josef leer ons dat God getrou bly en sy verbond hou. Daarom gebeur wat met hom gebeur – sodat God se plan uitgevoer word. Kom ons dank God vir sy voorsienige krag wat in Jakob se nageslag, deur die lewe van Josef, sorg vir die stam Juda, sodat daar in die volheid van die tyd 'n Seun gebore kan word uit 'n maagd; sodat Jesus Christus as mens kan leef en sterf; sodat ons kan deel in die groot verlossing en gered kan word. Dit alles tot verheerliking van God.

In die geskiedenis van Jakob en Josef vind ons 'n duidelike voorbeeld en antwoord op die vraag of God

in beheer is, of God regeer en of dit dieselfde beteken? God is nie net in beheer soos die uitvoerende beampte van 'n groot maatskappy wat steeds aan 'n raad van trustees verslag moet doen nie. Nee, God

regeer soewerein met sy voorsienige krag volgens sy besluit. Hy gebruik selfs die mens se sondigste besluite in sy Raad – sodat sy heilige wil geskied! 'God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon' (Psalm

47:9). Watter wonderlike troos dat elke gebeurtenis 'n doel dien in God se Raad. 'En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is' (Romeine 8:28).

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Nie meer grys oor gays

In hierdie rubriek is daar al meermale oor die gay-kwessie in die NG Kerk geskryf. By geleentheid is die duidelike besluit van die GKSA oor die homoseksualisme-vraagstuk met die 'grys', onduidelike besluit van die NG Kerk vergelyk. Intussen het daar heelwat water in die see geloop. 'n Taakspan teoloë is deur die NG Kerk se Algemene Sinode aangewys, wat tydens die laaste sinode rapport uitgebring het. Soos wat dit algemeen te wagte was, was daar geen eenduidende rapport nie, maar twee uiteenlopende rapporte waaroor die Sinode 'n oordeel moes uitspreek en 'n besluit moes neem.

In Beeld van 7 Junie 2007 berig Neels Jackson soos volg onder die opskrif 'NG Kerk skik oor gays':

NG predikante mag voortaan gay wees, maar hulle mag nie gay leef nie. Die algemene sinode van die NG Kerk het gister in Boksburg 'n kompromisbesluit oor die gay-vraagstuk aanvaar.

Dié besluit kan op verskillende maniere vertolk word. Volgens een interpretasie kan gemeentes gay ouderlinge, diakens en lidmate akkommodeer, sonder dat hulle selibaat moet bly. Gemeentes kan self besluit hoe hulle gay verhoudings onder hul lidmate sal hanteer. Die groep wat gay akkommodasie voorstaan, het dit as 'n belangrike stap vorentoe bestempel. Saam met die feit dat ds. Laurie Gaum se appèl teen sy ontslag as predikant gister gehandhaaf is, het dit vir heelwat blydschap gesorg ...

Die sinode het besluit: "Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges, daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense."

Die NG Kerk aanvaar met dié besluit dat alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde. Hulle word op grond van hul doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar.

Die sinode hou egter by die kerk se ou standpunt dat net 'n verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word. Losbandigheid onder homo- én heteroseksuele word ook veroordeel. Oor homoseksuele verbintenisse en huwelike lui die besluit dat dit "nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie".

Hieroor wissel die interpretasies. Een siening is dat daar met dié besluit geen ruimte vir gay verhoudings gelaat word nie. 'n Ander siening is dat dit bloot sê dat gay verbintenisse nie dieselfde of in plek van die huwelik gestel kan word nie, maar dat dit as iets heel anders daarnaas kan bestaan. Oor die predikantsamp is besluit dat homoseksuele wat predikante wil word, selibaat moet bly.

In 'n laaste punt van die besluit erken die algemene sinode "die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer". Hieroor was daar wye meningsverskil. Volgens dr. Nelus Niemandt, nuutverkoosse assessor van die sinode, is die bedoeling daarvan dat kerkrade kan besluit om gays wat in vaste verhoudings is, as kerkraadslede te bevestig. Behoudende lede van die gay-taakspan meen egter dat die besluite wat oor die huwelik en homoseksuele verhoudinge geneem is, só 'n moontlikheid uitsluit. As die eerste interpretasie aanvaar word, beteken dit egter ook dat gays nie oral ewe welkom sal wees nie omdat kerkrade ook hul diskresie sou kon uitoefen om enige gay bedrywighede te straf.

Diegene wat die Sinode bygewoon het en die werkwyse van die vergadering kon volg, het gou bemark dat die NG Kerk inderdaad niks anders as 'n kompromis-besluit geneem het nie. Daar is nie op die basis van die Skrif besin en besluit nie. Die vertrekpunt was: ons moet mekaar vind, en moet ten alle koste die eenheid bewaar. Watter eenheid, en met W(w)ie? Met Christus, in gehoorsaamheid aan God? Nee, met mekaar, ongeag wat die prys daarvan sal wees. Dr Nelus Niemandt, wat die 'kompromis-rapport' toegelig het, het die situasie met 'n dans vergelyk. Niemand(t) op die dansvloer mag uit pas raak nie. Daar moet 'n bereidheid wees om te gee en te neem. Daar moet na 'middelgrond' gesoek word.

Die middelgrond is gevind. Die NG Kerk is, soos in die verlede, nie meer soekend en vraend grys oor gays nie. Daar is nou amptelik uitgespreek: gay-wees en uitleef daarvan is geen sonde nie. Dit mag net nie deur ampsdraers beoefen word nie. Ten minste, so dink sommige. Ander interpreteer die besluit anders. Dr André Bartlett, medevoorsitter van die gay-taakspan, het by navraag byvoorbeeld gesê hy meen steeds dat daar ruimte is vir die bevestiging van 'n ouderling of diaken wat in 'n gay-verhouding is (Beeld, 8 Junie).

Dit is tragies en bedroewend om hierdie verval in die NG Kerk te sien. Uiteraard sal middelgrond-besluite verskillend geïnterpreteer word. Kompromisbesluite vra vir uiteenlopende interpretasies. Dit verg geen profetiese insig om te besef dat die besluit verder geskaaf sal word en by 'n volgende Sinode dalk nog heelwat milder na die kant van gays sal oorkom nie.

VGKSA en GKSA – gister, vandag en môre

Van die hand van Klaas Bijzet het 'n artikel met die titel 'Ontstaan en ontwikkeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika' in *Kompas* van Maart 2007 verskyn. In die artikel gee br Bijzet 'n voëlvlug-oorsig oor die ontstaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hy fokus hier en daar op die verhouding tussen die Nederlandse immigrante – wat uit die Vrijgemaakte Kerken (artikel 31) gekom het – en die GKSA, en hoe daar tot 'afskeiding' van die GKSA gekom is.

Br Bijzet skryf:

Hoe het die emigrante wat met die Vrymaking saamgegaan het, die prediking en die kerklike lewe in Suid-Afrika gevind en ervaar?

Uiteraard was die beoordeling van die individuele gereformeerde emigrante uiteenlopend. Dit het dikwels van lokale omstandighede afgehang. Daar was egter verskillende broeders en susters wat die kerklike lewe as 'n agteruitgang ervaar het by dit wat hulle in Nederland agtergelaat het.

Die meeste vrygemaakte emigrante het kontak gesoek of selfs aangesluit by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Reeds vanaf die stigting in 1859 was daar bande tussen die GKSA en die Gereformeerde Kerken in Nederland. Daarom was daar min kontak met ander kerke.

Oor die algeheel is die vrygemaakte emigrante geredelik tot die gemeenskap van die GKSA toegelaat. Gewoonlik egter met die uitdruklike vermelding om nie oor die Vrymaking in Nederland te praat nie. Soms is selfs afkerigheid ervaar.

Behalwe vir hierdie saak was daar dikwels ook om ander redes onvergenoegdheid. Een broeder (br JC Jansen) het veral die voortou geneem en sy stem laat hoor. Hy het geskryf en die vraag gestel: Waar is die kerk? Hy kon dit nie uitken nie. Br Jansen was 'n begaafde man wat insig in sake gehad het en ook op

hoogte was van die kerkgeskiedenis van Suid-Afrika. Daardeur kon hy die stukrag agter die ontstaan van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word. Hy het kontak met ander broeders en susters gesoek en ook aan alle professore en predikante van die GKSA 'n publikasie van prof. C. Veenhof gestuur, Om de "Unica Catholica". Dit was 'n baie interessante uitgawe van 446 bladsye wat die menings van verskillende teoloë weergegee het wat nie self met die Vrymaking saamgegaan het nie.

Hierop is min reaksie ontvang. Daarom is eers in Pretoria en later ook in Kaapstad oorgegaan tot die stigting van 'n Vrye Gereformeerde Kerk.

Nadat die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria geïnstitueer was, skryf die kerkraad van die gemeente (skriba JC Jansen) 'n brief aan alle Gereformeerde Kerken in Nederland. Hierin kom die volgende paragraaf voor: "De Gereformeerde emigranten in Zuid-Afrika leefden reeds geruime tijd geïsoleerd, omdat voor hen geen plaats was in de Afrikaanse kerken. De afval in deze kerken was zeer groot en zij zijn geheel verwereldlijkt. Zoals overal elders kwam deze deformatie het scherpst tot uiting in de aanvaarding van de schorsers, terwijl de geschorsten met zorg werden geweerd". En na die stigting van die Vrye Gereformeerde Kerk in die Kaap skryf dieselfde kerkraad onder andere: "Geve Hij dat wij altijd de gevaren zullen blijven zien, die in dit land en onder dit volk, dat zo alleszins godsdienstig is, maar van de dienst van den levenden God zo weinig meer kent, zo sterk op ons en onze kinderen afkomen. Het verdoezelen van de antithese is duizendmaal gevaarlijker dan de openlijke goddeloosheid, en het is juist deze verdoezeling der grenzen die in het Afrikaanse kerkelijke leven zulke angstwekkende vormen heeft aangenomen".

As besware teen die kerklike lewe in Suid-Afrika is dus genoem: verwêreldliking en verdoeseling van die antiese. In 1962 het die kerkraad van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad as moontlike oorsaak van 'n gebrek aan onderskeidingsvermoë, gewys op 'n sinodebesluit van 1942 van die GKSA om die ander Afrikaanse kerke as Christelike kerke te aanvaar. En wat die prediking betref, is gewys op 'n besluit van 1939 dat die prediking by die min kennis van die lidmate aangepas moet word. Maar die hoofsaak van die besware was, tot 1976, die korrespondensie wat onderhou is tussen die GKSA en die sinodaal Gereformeerde Kerke in Nederland. Daarvoor het baie mense gegrief gevoel. Dit het reeds onmiddellik geblyk.

Die gebeurtenisse wat hierbo kortliks aangedui is, het reeds meer as vyftig jaar gelede plaasgevind. Aanvanklik is wel voorspel dat die VGKSA binne 'n kort tyd tot niet sou gaan. Dit het nie gebeur nie. Tog lyk die kerke vandag anders as vyftig jaar gelede. Dit is uiteraard begryplik.

... Daar het egter groot veranderinge plaasgevind in die teologiese en kerklike wêreld rondom ons wat ook die eie kerklike lewe nie onberoerd sou laat nie. Teoloë gaan dikwels ook maar saam met die koers waarin "die wetenskap" op 'n sekere tydstep vaar. Ook in Suid-Afrika, en ook in die tradisioneel Afrikaanse kerke, het 'n verkeerde insig in die Skrifte by baie posgevat.

Die Skrifte is eerder kultuurhistories as heilshistories gelees. En dit het weer sy neerslag in die praktyk van die kerklike lewe gevind. In die "Kompas" is hieroor reeds baie geskryf. Eenheid met die hoofstroom van die kerke is verder weg as tevore. Moontlik kan daar kontakte met verontrustes gemaak word, maar ook dit gaan moeilik.

Wat is ons taak in hierdie situasie? In 1952 het die kerkraad van Pretoria reeds aan die van Kaapstad

geskrywe: "Zo heeft dan nu ook de kerk te Kaapstad weer een adres en haar eigen plaats. Moge zij nog tot veel zegen zijn, want het is niet uitgesloten dat de Here nog een grote taak voor de kerk der reformatie in dit land heeft weggelegd. Maar het zal op getrouheid aankomen; op onze trouw zullen wij waarschijnlijk nog wel eens worden beproefd". Die begin kan aan die vervolgd gekoppel word.

Mag die HERE gee dat daardie beproewing deurstaan mag word. Dit vra ons trou. Ons kan ook maar alte maklik saamdrywe met die verkeerde strominge van ons tyd. Laat ons op ons hoede wees en bly by die suiwer verkondiging van die evangelie, ook al sou dit vermindering van getalle meebring.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardjmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R140 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031

Dit is 'n belangrike en relevante stuk kerkgeskiedenis waaroor br Bijzet handel. Uiteraard kan hy in 'n kort artikel nie in diepte op alle feite en fasette rondom die 'afskieding' en die totstandkoming van die VGKSA ingaan nie. Tog behoort daar ten opsigte van br Bijzet se historiese oorsig myns insiens enkele duidelike toevoegings gemaak te word, wat sake in 'n breër perspektief en suiwerder balans stel.

In 1959 het J Reinink namens 19 oud-vrygemaaktes 'n brosjure getiteld 'Wee de gerusten te Sion' vrygestel, waarin hy onder meer 'n oorsig oor die ontstaan en eerste ontwikkelinge van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gee. In dié brosjure toon Reinink aan dat sake nie heeltemal so klinkklaar verloop het soos br Bijzet dit weergee nie. Van die kant van die 'Vrygemaaktes' wat in die GKSA opgeneem is, was daar oënskynlik nie altyd genoeg gedoen om 'n ordelike weg te loop om vermeende probleme aan te spreek nie. Die aksie wat van die GKSA na die Vrygemaakte Kerke in Nederland uitgegaan het, word ook geheel en al verswyg. Uit die artikel van br Bijzet wil dit voorkom asof die Doppers goddeloos (verwêreldlik) geleef het en sonder besef van enige antitese was. Is dit so? Kan dit bewys word? Is dit vandag nog so? En wat maak dit vandag moeilik om kontakte met die 'verontrustes' in die GKSA – wie hulle ook al mag wees en waaroor hulle ook al verontrus mag wees – te maak?

Die feite is dat verskeie Nasionale Sinodes van die GKSA gepoog het om met die Vrygemaakte Kerke in Nederland kontak te maak, en ook met oud-vrygemaaktes in Suid-Afrika gesprekke te voer. Die acta van Sinodes 1949 (p 173), 1952 (p 152-153), 1955 (p 37-38) en 1958 (p 48) gee insae in die wyse hoe daar te werk gegaan is. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die GKSA reeds kort na die Vrymaking van 1944 besluit het om nie die kerkregtelike pad van die GKN te loop deur, soos hulle, 'n drasties Hersiene Kerkorde te aanvaar nie. In 1964 het die GKSA konsekwent by die Dordtse Kerkorde gebly. Die

sogenaamde leerstryd van 1905 oor die verandering van Artikel 36 NGB en die gedagtegang van dr A Kuyper insake die veronderstelde wedergeboorte het ook glad nie in die GKSA sy neerslag gevind nie. Dit is jammer dat br Bijzet geensins melding daarvan maak nie.

In die lig van die feit dat die GKN (Vrygemaakt) sedert 2006 korrespondensie met die GKSA het, en die kosbare samewerking wat daar tussen lidmate van verskeie gemeentes in die GKSA en die VGKSA in die koninkryk van God bestaan, moet daar versigtig met historiese gegewens omgegaan word. Dit strek nie tot eer van God en die heil van die kerke om 'n eensydige beeld van die gebeure in die verlede te teken nie. Laat die verlede eerlik en gebalanseerd weergegee word, dan kan ons daaruit 'n sinvolle bestekopname vir die vraagstukke in die hede maak, en – as die Here dit behaag – op meerdere samewerking in die toekoms reken.

Van die redaksie

Volledige besonderhede oor die VGL-byeenkoms van 14 en 15 September 2007 sal DV in die Julie-uitgawe bekend gemaak word.